2012 Jaarverslag

2012 JAARVERSLAG

INLEIDING

Die jaar 2012 sal nooit vergeet word nie. Die Olimpiese spele is in London gehou, n reuse sukses. So ook die Paralimpiese spele, weereens ‘n sukses verhaal en so ook vir ons eie atlete, wat met uiterste deursettingsvermoë die bykans onmoontlike vermag en trots op die podium staan, vir die wêreld om te sien “hulle kan”.

Soos ons deur die verloop van die jaar, telkens gemerk het dat die grense geskuif word, beter en beste pryse behaal vir bulle, beter en beste pryse vir vroulike diere, beter punting vir prestasie klas bul kandidate, noem maar op, die jaar was deurspek daarmee. Dit is uitstekend en alles ten spyte van, in die meeste dele van die land, uiters moeilike boerdery omstandighede. Die droogte wat wyd uitgekring het, het heelwat vrae laat ontstaan, en is ek seker daarvan dat heelwat boere die vraag by die kruispad gevra het, “Kan ek aangaan met die beesboerdery?” Vir diesulkes wat met Drakensbergers boer, het die INHERENTE GEHARDHEID van die beesras, enorme voordele ingehou en die besluit makliker gemaak in sake beesboerdery en die toekoms.

Vleispryse was deurgaans onder druk en is daar,in vergelyking met 2011, laer pryse gehandhaaf deur die grootste deel van 2012. Daar is ‘n mate van herstel in pryse die afgelope 6 weke, met die verwagting dat die prys stelselmatig sal styg en ten minste die huidige vlakke sal handhaaf. Suidelike Afrika het probleme met bek-en–klouseer wat die uitvoer na die Europese Unie gereëld kortwiek, dit lei dan ook tot invoer van vleis vanaf buurlande, Botswana en Namibië, wat groter druk plaas op die produsent om die verhoogde lewenskoste te akkommodeer. Deur verbeterde reklame met finansies beskikbaar, het die Genootskap daarin geslaag om die sigbaarheid van die Drakensberger te verhoog en word die handelsmerk meer bekend. Hierdie is tot voordeel van ALLE TELERS VAN DRAKENSBERGER BEESTE, NIE NET STOETTELERS NIE.

Die politieke bestel in Suid Afrika tans, is, om die minste te sê, eensydig en absurd, deurspek met individue waarvan die een groter as die ander wil wees, letterlik en figuurlik. Die toekoms van landbou as sodanig is vir almal uiters belangrik, veral ook vir die groeiende bevolkingsgetalle wat van voedsel voorsien moet word. Die situasie mag nie toegelaat word dat Suid Afrika ‘n neto invoerder van voedsel word nie. Deur ons volle vertroue in God te stel, en deurgaans in gesprek met God te wees, is landbou se toekoms verseker.

Die vordering van die wetenskap, veral op die gebied van genomika, stel die teler voor nuwe uitdagings. Historiese standaarde se meriete moet takseer word, die geldigheid en

waarde daarvan moet analiseer word en indien veranderinge nodig blyk te wees, moet dit aangebring word. Die kompeterende aard van beesteling soos dit tans daar uitsien, noop ons om streng kompeterend te wees, en stel ons voor nuwe uitdagings. Die uitbreiding van die Drakensberger beesras getalle is van kardinale belang,die bewerkstelliging daarvan lê opgesluit in die hande en handelinge van elke individu wat kontak het met die unieke beesras waarmee ons vereenselwig word.

KANTOOR EN PERSONEEL

My opregte dank aan Me Stienie Steenkamp, wat haar weereens deur die jaar besonder goed van haar taak gekwyt het. Die administratiewe funksies word professioneel en effektief behartig, en dit is gerusstellend om te weet dat daar n uiters betroubare persoon is wat die vloei van fondse na en van die genootskap behartig. Die stand van die debiteure is in ‘n baie gesonde posisie, dit word bewerkstellig deur haar toegewyde opvolg van lede. Baie dankie hiervoor Stienie, dit gaan nie ongesiens verby nie. Besondere dank ook aan Johanna Mhlambo, wat die Genootskap toegewyd en lojaal dien.

LEDE

Pierre Uys, Ere President, is tans woonagtig in Volksrust en ons wens hom alle sterkte toe. Die genetiese seleksie en vordering wat onder sy hande begin is, word voortgesit deur sy seuns en in konsultasie met hom. Wat ‘n voorreg om dit te sien gebeur.

Daar is definitief entoesiasme en fokus by baie lede te bespeur. Dit is aansteeklik en weerspieël duidelik in die resultate wat behaal word: op skoue, in die veilingsring, met keuring en in die algemene belangstelling in die entoesias se diere. Dit is uiters belangrik om die kommersiële teler betrokke te hou en meer te betrek. DIE KOMMERSIëLE TELERSKORPS IS VAN KARDINALE BELANG VIR DIE GESONDE HOMEOSTASE VAN DIE DRAKENSBERGER BEESRAS IN SUID AFRIKA. Sal die leier van die kommersiële telers asseblief na vore kom! Sodanige persoon MOET op die raad gekoöpteer word.

Daar is tans 77 Stoetlede, 6 Spesiale lede (gemoeid met stoetteling) en 25 Kommersiële lede. 6 Ere-lede. Op afwag is daar 1 stoetlid.

Stoetlede aangesluit: Philippi Degernier, drr Jan & Frans Erasmus, S P van der Walt en Marthinus Willemse.

Stoetlede bedank: Motswere Drakensbergers, BJM Vorster, Maria Greyling, Jaco Hattingh, T J van der Walt.

Op afwag is A A Stevens van Ficksburg.

Spesiale lede aangesluit: Lindsay Chatty.

Kommersiële lede aangesluit: T J van der Walt en Steve Lindsay.

Petrus van Rensburg se aansoekvorms is reeds ontvang.

	2008	2009	2010	2011	2012
Stoet lede	75	80	82	85	77
Spesiale lede (Kommersieel ingesluit tot 2008)	31	16	16	18	6
Kommersiële lede		14	17	20	25
Ere- lede			2	4	6

PRESTASIES VAN LEDE

Daar is lede wat spesiale vermelding verdien vir prestasies behaal deur hulle diere deur die jaar. Dit is nodig om diesulkes uit te lig en te vermeld. Die besondere prestasies is die resultaat van toegewyde teling en is prysenswaardig en stimulerend.

Geluk aan die volgende lede met hul prestasies:

Prestasies van diere in 2012:

Magiel Blom – Farmers Weekly Koei 2012 EMB010184

Gawie Roux – Spesiale Prestasietoetsklas Bul tydens Lenteskou te Pretoria

Gawie Roux – GMPBasic Platinum bul GR100252

S P Fourie - GMPBasic Platinum bul SP10007

Rekordpryse behaal in 2012.

Buffalo Valley Farms - Rekordprys vir bul behaal, R115 000.00, koper Johan Rautenbach van Lindley.

Neuman Broers – Rekordprys behaal vir vroulike dier, R32 000.00 en gekoop deur Byron Cumin.

Neuman Broers – Hoogste prys vir vers R24 000.00 en gekoop deur Black Hills Stoet,
Willie Landman en Jean van der Merwe.

Grasmunt stoet –Hoogste prys vir eerste kalf verse, R26 000.00 en gekoop deur SP Fourie.

Positiewe ouerskapverfikasie SA Stamboek (1ste maal):

Gawie Roux

Daan Bothma

Betrokkenheid by organisasies:

S P Fourie –Lid van Noord Wes RPO

VEEGETALLE

DIERE	2009	2010	2011	2012
MANLIK	3483	3546	3713	3812(99)
VROULIK	9396	9471	9863	10302(436)
LAAT GEBOORTES				450
GEBOORTES	4454	3584	4541	3498

Daar is geen of gedeeltelike kalf inskrywings gedurende die verslag tydperk gedoen -

Laat geboortes beteken addisionele koste vir die teler – dit het ongelukkig ook die effek dat dit die statistiese verwerking nadelig affekteer en dat die TKP waardes swakker reflekteer. Deur tydige geboortekennigewings te dokumenteer, sal daar n beter refleksie wees van die ware TKP.

Streek	2010	%	2011	%	2012	%
Mpumalamga	3883	29.8	4050	29.8	4098	29
Vrystaat	4140	31.8	4521	33.3	4644	32.9
KwaZulu-Natal	1650	10.1	1615	11.9	1670	11.8
N-Wes	1311	10.1	1163	8.6	1326	9.4
Karoo	911	7	1013	7.5	1070	7.6
Gauteng	925	7.1	927	6.8	935	6.6
W/O-Kaap			112	.8	102	.7
Namibia	79	.6	121	.9	165	1.2
Australia	118	.9	52	.4	55	.4
Mosambiek					51	.4

KLUBS

Streke het elk hulle eie manier van doen, die gemeenskaplike faktor is die saamvoeg van kennis, ervaring en getalle om ‘n sterker basis te skep vir bemarking. Individue het die volste reg om enkel te funksioneer, dit is egter raadsaam om die inskakeling in groepe of klubs sterk te oorweeg en toe te pas. Sodoende word die bemarkings-aksie en sigbaarheid verbeter en verhoog.

Van die streke se lede is baie gebiedsgebonde en beperk hulle belangstelling in ‘n beperkte radius. Soos daar uit die geografiese distribusie gemerk kan word, is die genetiese poel wyd versprei en sal dit die moeite loon om die horisonne te verbreed. Daar is `n ernsige behoefte aan bemarking in die oostelike gebiede van die land, ‘n gebied wat gesien word as om vanselfsprekend Drakensberger wêreld te wees. Die inisiatief moet uit daardie streek uit kom, samewerking tussen Genootskap en klubs is vanselfsprekend.

RAAD EN DAGBESTUUR

Baie dankie aan die Raadslede wat die vergaderings getrou bygewoon het en met groot ywer vir u saak gewerk het. Sake wat deur die jaar aandag geverg het was: reklame, finansies, keurings, skoue, voerkraal-aangeleenthede, Gedenk joernaal, Nuusbriewe, Stamboek- en data aangeleenthede, administratiewe aangeleenthede, navorsing en tegniese sake, korrespondensie en ledebelange. Die volgende vergaderings het gedurende die jaar plaasgevind:

Keurdersvergadering	-	1
Raadsvergaderings	-	5
Dagbestuur	-	5 & heelwat telefoniese samesprekings en e-posse
Reklamekomitee	-	1 & heelwat telefoniese samesprekings en e-posse.

Dit is lank reeds duidelik dat tegnologie die wêreld kleiner maak, die gebruik van e-pos versnel en verbeter kommunikasie. In die volgende jaar sal die implementering van SKYPE evalueer word, wat dit ten doel het om die reistyd van raads- en komiteelede so min as moontlik te maak. Dit bewerkstellig uit die aard van die saak kostebesparings wat indirek aan die lede weergegee word deur vermeerderde bemarking.

FINANSIËLE KOMITEE

Dankie aan Willie Landman, Edwin Schreuder en Rodney Neuman vir julle bydrae. Die per kapita fooi wat tans gehef word, is na deeglike oorweging van veelvuldige modelle deur die raad en die lede aanvaar. Daar word deurgaans evalueer of die fooi gehef toepaslik is, en is dit dan ook in die beplanning om modelle te takseer waarin ‘n glyskaal gebruik word om die per kapita fooi te bereken. Die evaluasie van inkomste en uitgawes is die harde werklikheid, die verhoogde lewenskoste en stygende VPI, plaas al hoe meer druk op begrotings- ‘n feit waarvan die raad terdeë bewus is. Ons is almal ook telers en dra saam aan die finansiële verpligtinge. ‘n Spesiale woord van dank aan Stienie vir die bestuur van ons finansies. U sal in ons finansiële state merk dat ons in ‘n gunstige posisie is.

Dankie aan elkeen wat getrou sy verpligtinge nakom, sonder u samewerking sal dit onmoontlik wees om die vordering voort te sit wat tans getoon word.

KEURDERS EN KEURINGS

Dit is met opgewondenheid dat ek kan noem dat die keuringsisteem van die Drakensbeestelers Genootskap onder die loep geneem word.

Dit behels die junior beoordelaars kursusse, wat hierdie jaar in Volksrust en By Grootfontein Landbou Lollege aangebied is.Baie dankie aan Piet de Villiers, Johan Uys, Pikkie Uys, Petrus Taljaard en Willie Watermeyer vir julle hulp met die kursus wat gehou is op Gryshoek. Ses studente het die verpligte minimum van 80 % behaal, wat hulle toegang gee om keuringstoere mee te maak, in die strewe daarna om junior keurder status te behaal.

Die kursus by Grootfontein is behartig deur Piet de Villiers, Willie Watermeyer, Johannes Retief en Grant Naude. Sewe kandidate was suksesvol en ons sien uit na die betrokkenheid van hierdie persone.

KEURDERS OPLEIDING EN EVALUASIE

Carel Nel is versoek om die voortgesette opleiding van bestaande keurders te behartig. Hy het dit gedoen in samewerking met John Roos en die formaat van aanbieding en evaluasie was van hoë standaard. Die keurders het ‘n skriftelike eksamen afgelê, die vraestel is bespreek en daar is voortgegaan met fisiese beoordeling van individuele diere, bulle sowel as verse, weereens op Gryshoek. Die handhaaf van ‘n minimum standaard en die identifikasie van die beste beskikbare keurders, is belangrik. Hierdie is die individue wat die senior keurders op die keuringstoere is, wat die groot taak het om die junior keurders voortgeset op te lei in die praktiese beoordeling van diere in die teler se kraal. Die hantering van die teler self, is net so belangrik as die keuring van sy diere.

Hierdie feit en toepassing kan nie tydens die beoordelaarskursus oorgedra word nie, dit word deur senior keurders gedoen. Dankie aan Johan en Pikkie Uys vir die beskikbaar stel van die diere, die gebruik van krale en fasiliteite. Baie dankie aan die vrouens vir voorbereidng van die etes.

Daar word beplan om voortgesette opleiding te doen vir senior keurders in die laaste kwartaal van 2012, Carel Nel word hier weereens betrek en die beplanning is om dit te reel in samewerking met n erkende interras beoordelaar, om sodoende die vlak van kennis van die Drakensberger teler, te verhoog.

Keurings Toere

DIERE	2009			2010			2011			2012		
	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%
Bulle	537	299	56	591	392	66	595	382	64	440	301	68.4
Verse	1364	1137	83	1358	1036	76	1311	954	72.8	1094	877	80.2
Hulp A	439	263	60	182	123	68	353	251	71.1	455	336	73.9

Totale Kilometers gereis: **14 890 @ R3.00 per km R44,670.00**

Bulle Naspeense Groeitoetse & Spesiale keurings

853 diere evalueer, 517 goedgekeur.

	Datum	Tipe	Gekeur M	V	1ste	Keurders
S P Fourie	8/9/11	C	½			J Fourie
Botha Broers	20/9/11	S	8/15			W Watermeyer & R Neuman
Neuman Broers	1/10/11	S	65/80			W Watermeyer & L Botha
JA Rautenbach	5/10/11	D	19/30			J Dooghe & R v Rensburg
J P Botha	6/10/11	S	22/32			W Watermeyer & R Neuman
G Roux	00/10/11	C	22/29			R v Rensburg & J Rautenbach
C Nel		C	3/3			F van Dyk & K Bezuidenhout
E M Schroeder	15/10/11	D	10/20			P Taljaard & L Koch
PWB Uys	15/10/11	S	40/60			P de Villiers & Willie Watermeyer
J Fourie	19/10/11	D	12/21		7/7	R van Rensburg & Jan Dhooge
Black Hills	19/10/11	D	9/13		8/8	R van Rensburg & Jan Dhooge
F van Dyk	20/10/11	D	2/2			C Nel & K Bezuidenhout
D Bothma	20/10/11	D	2/2			F van Dyk & K Bezuidenhout
F du Toit	20/10/11	D	7/9			F van Dyk & K Bezuidenhout
V Bohmer	25/10/11	S	14/18			J Uys & L Koch
H Schutte	25/10/11	S	8/21			J Uys & L Koch

B de Beer	19/11/11	D	4/8			R v Rensburg & J Rautenbach
H Schutte	25/11/11	S	11/21		2/2	P Taljaard
G Roux	14/12/11	C	24/37			R v Rensburg & J Rautenbach
C Nel	21/12/11	C	3/3			F van Dyk & K Bezuidenhout
Buffalo Valley	**22/5/12**	**S**		**15/15**		W Watermeyer & P Uys
F du Toit	29/5/12	D	6/10			C Nel & F van Dyk
J Fourie	28/5/12	**S**	**70/85**	**20/30**	**5/5**	C Nel & F van Dyk
J van Tonder		D	8/12			R van Rensburg & R Neuman
L Terblanche	3/7/12	S	10/14			J S Davel & John Roos
J van Tonder	15/7/12	D	6/11			R van Rensburg & J Dhooge
G Roux	19/07/12	C	18/25	12/15		R van Rensburg & P Taljaard
Bell Morgan	20/7/12	S	20/25			John Roos & J Jacobsz
Buffalo Valley	20/7/12	S	10/15			J Jacobsz & J S Davel
J A Rautenbach	4/9/12	D	18/34		20/41	R van Rensburg & J Dhooge
PWB Uys	15/9/12	S	X			P Taljaard & W Watermeyer
W Watermeyer	15/9/12	S	x			P Taljaard & P Uys

Dankie aan elkeen van wat u wat bereid was vir die opofferings, soms op baie kort kennisgewing. Dit is so dat keurders dikwels nie die erkenning kry vir die onbaatsugtige opoffering van hulle tyd nie. Tog is dit uniek aan die Drakensberger Beestelersgenootskap, om ‘n keuring-sisteem te hê eie aan ons, ‘n sisteem met ‘n lang geskiedenis wat uiters funksioneel is. **Ons versoek u om ten minste 14 dae voor die beplande keuringsdatum skriftelik aansoek te doen by die kantoor**.

REKLAME KOMITEE

Willie Landman het uitmuntende diens hier gelewer. Dankie vir jou aandeel vanjaar. Hier is te min ruimte om alles wat jy gedoen het te noem. Sake en aksies geloods:

Webtuiste - Jean van der Merwe

Biljette – 1 nuwe biljet het verskyn. Johann Fourie en Willie Landman

Advertensies – Verskyn in Landbouweekblad, Veeplaas, Farmers Weekly en Studbreeder.

Artikels – verskyn in Landbouweekblad, Veeplaas en Farmers Weekly.

Nuusbriewe – Twee nuusbriewe het verskyn.’n Spesiale woord van dank aan Magiel Blom, wat sonder vergoeding, die taak op sy skouers geneem het om die nuusbrief saam te stel, te redigeer en te hanteer totdat die eksemplaar op die tafel is. Dankie aan die medewerkers vir uitstaande werk gedoen. Ons het baie positiewe kommentaar ontvang vir beide nuusbriewe. Dankie aan al die adverteerders. U maak hierdie nuusbriewe moontlik.

Nampo – Dankie aan Fanie van Dyk, Piet de Villiers en die Noord-Wes Klub.

Skoue – Vryburg en Bultfontein. Dankie aan die deelnemers, Carel Nel, Fanie van Dyk en Frannie du Toit. Julle het `n baie positiewe beeld van ons Ras uitgedra met julle diere. Dankie ook aan die beoordelaars.

Uitstallings – Chrissiesmeer – Nelspruit Skou John Joubert (Jim Roos), Standerton Skou – Piet de Villiers,Val boerdag – Rodney Neuman, Boertjiefees Bultfontein – 6+ Telers. Groblersdal – Willie Hartman (Kobus Davel). Dankie vir die diere wat u beskikbaar gestel het vir die uitstallings.

Uitstallings – Chrissiesmeer – , Nelspruit Skou John Joubert (Jim Roos), Standerton

Lede se inligtingsdae – BSB, Rodney Neuman en 6+ telers.

Toere is ook onderneem deur Noord-Wes, 6+ Telers en Vrystaat Klub.

Advertensieborde – Borde is reeds langs verskeie paaie opgerig. Dit verhoog ons sigbaarheid en prikkel belangstelling.

Naamborde.

Indien daar aanduiding van voortgesette belangstelling is, sal daar borde beskikbaar wees wat by die kantoor gereel kan word.

Gedenk Joernaal - dankie aan Carel Nel, Willie Landman en medewerkers, (Lizette Vermaak) asook die adverteerders. Hierdie sluit telers sowel as instansies in. Sonder die finansiële bydrae van elke individu, is die daarstel van die gedenk joernaal onmoontlik.

TEGNIESE KOMITEE

Die studie in sake die Drakensberger in die voerkraal is voltooi en die skripsie word tans aangebied vir evaluasie deur die studie leier, Professor Lourens Erasmus. Die studie kon nie bewys dat die mortaliteit van die Drakensberger in die voerkraal hoër is as die gemiddeld nie, maar het voorts ook bewys dat die groei per dag, gelyk is aan die gemiddeld. Die verpligting wat ELKE TELER HET TEENOOR DIE RAS, is om die immunisasie van ALLE KALWERS nougeset en korrek te doen. BVD en Pasteurella is n werklikheid, immuniseer die diere korrek en betyds.

Liesl Foster het haar bereid verklaar om betrokke te raak by die tegniese komitee. Haar kennis word respekteer en daar is groot verwagting dat spesifieke aspekte deur die verloop van die jaar indringend ondersoek sal word.

STREEKSINDELING

Dankie aan die Raadslede wat aktief betrokke is in hul streke. Die idee word prakties toegepas om ‘n raadslid betrokke en verantwoordelik te hou vir al die lede binne ‘n sekere geografiese gebied. Die implementering daarvan in egter moeiliker as verwag om verskeie redes. Die verandering sal wees om lede skriftelik te laat weet wie die raadslid is wat hulle probleme primêr hanteer, sodoende word probleme baie meer spoedig hanteer en opgelos.

VEEKUNDIGES EN VEEARTSE

Danie Bosman, Dr. Hannes Dreyer, dr Fafa Malan was positief betrokke by ons Ras. Dank aan hulle, dit word opreg waardeer. Ons sal meer veekundiges betrokke moet kry.

NASIONALE VEILING 2012-09-24

Dit is aangenaam om te noem dat die nasionale veiling, wat op 27 April in Parys gehou is, suksesvol was. Daar is lank beplan aan hierdie geleentheid en die raadslid getaak met die portefeulje “Nasionale veiling”, was Reinier van Rensburg. Dankie ook aan Willie Landman en Jean van der Merwe, vir hulle onbaatsugtige diens, betrokkenheid, reelings en hulp om die veiling die sukses te maak wat dit was. VERSKEIE REKORDPRYSE is behaal, die detail wat reeds bespreek is.

Die veilings agentskap wat gebruik word, is CMW en die afslaer was Mike Kilassy. Baie dankie aan julle almal, die nasionale veiling sal volgende jaar weer plaasvind, op 26 April 2013, weereens in Parys. Dit belowe om ‘n reuse sukses te wees.

VEILINGS RESULTATE

	2009	2010	2011	2012	Hoogste Prys
Bulle	R21 228	R22 258 373/487 76.7%	R25 615 440/473 93%	R30 248 318/406 78.3%	R115 000 Buffalo Valley Farms
Koeie	R9 131	R10 017 122/122 100%	R10 628 94/95 95%	R11 886 104/115 90.4%	R32 000 Neuman Broers
1ste kalf koeie				R26 000 2/2 100%	R26 000 Carel Nel
Verse	R8 388	R8 381 27/27 100%	R11 120 27/27 100%	R11 636 33/34 97.1%	R24 000 Neuman Broers

VEILING/SKOU	DATUM	BESKERMHEER	BESKERMHEER
Nasionale Veiling	27 April 2012	Carel Nel	John Roos Reinier van Rensburg
BSB Veiling	10 Mei 1012	John Roos	Johan Uys Udo Beneke
Buffalo Valley Veiling	23 Mei 2012	Willie Watermeyer	Pikkie Uys
Noord Wes	7 Junie 2012	Johan Uys	Piet de Villiers Hennie Botes
Noord- Natal	4 Julie 2012	John Roos	Kobus Davel Udo Beneke
Rouvus	22 Julie 2012	Reinier v Rensburg	Petrus Taljaard
Ermelo Alle Ras	25 Julie 2012	Jannie Jacobsz	
Karoo DBK	26 Julie 2012	Fanie van Dyk	Liesl Foster
Neuman Broers	2 Augustus 2012	Reinier v Rensburg	Petrus Taljaard
Vrystaat DBK Frankfort	8 Augustus 2012	John Roos	Johannes Retief Jean van der Merwe
Calela	11 Augustus 2012	Willie Watermeyer	Louis Botha Udo Beneke
Davel & Bracher	14 Augustus 2012	Pikkie Uys	Petrus Taljaard
Rouville	11 September 2012	Johannes Retief	Liesl Foster
OTDK Ermelo	12 September 2012	Jan Dhooge	Johan Rautenbach
6+ telers	13 September 2012	Reinier van Rensburg	Liesl Foster
SHDK Vrede	20 September 2012	John Roos	Rodney Neuman Graham Esterhyusen

Dankie aan al die Beskermhere op veilings. Dit word opreg deur die Raad waardeer.

VOLGENS DIE OPSOMMENDE REPRODUKSIE STATISTIEKE VAN 01 JULIE 2012

Kuddes met TKP van onder 400 dae

Naam	Aantal koeie	TKP
JG EHLERS	37	371
BLACK HILLS DRAKENSBERGERS	38	373
E M SCHROEDER	65	377
J A RAUTENBACH	89	384
M C BLOM	33	384
MORGRNZON LANDBOU	49	387
NEUMAN BROERS	185	391
C J LABUSCHAGNE	34	391
CHRISJAN BOERDERY	142	392
G W ROUX	98	397
L A FOSTER	61	397
VAN DYK BROERS	92	399
H J VAN SRADEN	79	399
E L J VAN DER MERWE	36	399

Kudde getalle binne die Ras

GETAL KOEIE	2010	2010	2011	2011	2012	2012
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
100+ KOEIE	17	23.6	18	24.3	18	23.4
50-99 KOEIE	25	34.7	23	31.1	23	29.8
10-49 KOEIE	20	27.8	24	32.4	24	31.2
1-9 KOEIE	7	9.7	7	9.5	6	7.8
GEEN KOEIE	3	4.2	2	2.7	6	7.8

TKP verpreiding van kuddes met meer as 25 koeie *(Statisties maak dit nie sin om met kuddes met minder koeie te werk nie)*

TKP	**2010**		**2011**		**2012**	
25 + KOEIE	**AANTAL**	**%**	**AANTAL**	**%**	**AANTAL**	**%**
ONDER 400 DAE	15	22.4	18	25	17	26.2
400 - 450 DAE	26	38.3	27	37.5	26	40
451- 500 DAE	9	13.4	10	13.9	11	16.9
500 - 599 DAE	2	3	5	6.9	3	4.6
BO 600 DAE	1	1.4	1	1.4		
KUDDES ONAKTIEF	5	7.5	11	15.3	8	12.3

12 kuddes het van 0 tot 25 koeie of net verse (15.6% van kuddes).

Ras gemiddelde TKP *Hier is ruimte vir verbetering*

Jaar	2007	2008	2009	2010	2011	2012
Dae	429	428	430	432	432	430

KUDDES WIE SE TKP VERBETER HET MET MEER AS 5 DAE AFGELOPE JAAR

Naam	Verbetering van TKP die laaste Jaar
Ntique	-52
C J Labuchagne	-42
D F du Toit	-29
B J H de Beer	-20
J P Botha	-18
Jacobsz Familie trust	-17
Black Hills Drakensbergers	-15
L A Neuman	-12
H J van Staden	-12
E L J van der Merwe	-11
M Bracher	-11
J M van der Merwe	-11
D J Bothma	-9
Neuman Broers	-9
Otjiwa Boerdery	-7
Neusberg Drakensbergers	-6
R V Ferguson	-5
L A Foster	-5

Dit is deur toegewyde seleksie en gesonde bestuurspraktyk, dat die TKP in die meeste gevalle verbeter word. Natuurlike gebeurtenisse, soos droogtes en slenkdalkoors, het egter voorgekom en dit het n wesenlik invloed op die TKP van die ras.

PREFERENTSKAP TOEKENNINGS 2012

Baie geluk aan ons lede wat hierdie prestasie opgelewer het.

TELER	Preferente A	B	C	Totaal
Neuman broers	15	4	2	21
J A Rautenbach	14		1	15
G W Roux	12	1	4	17
Van Dyk Broers	9	1	2	12
J Fourie	8	1	2	11
E M Schroeder	5	2	1	8
L Neuman	5	1	2	8
Otjiwa Boerdery	5		1	6
C H Nel	5			5
Neusberg Drakensbergers	4	2		6
L Foster	3	1	1	5
Bell Morgan Ranch	3	1		4
S F Coetzee	3	1		4
H A S Schutte	2	1	1	4
Bezuidenhout Broers	2	1	1	4
M C Blom	2	1		3
R V Ferguson	2		1	3
J P Janse van Vuuren	2			2

J G Ehlers	2			2
Jacobsz Familie Trust	2			2
P W B Uys	1	1	1	3
H J van Staden	1	1	1	3
S G Maritz	1	1		2
J P Botha	1		1	2
Ntique Boerdery	1		1	2
J J Retief	1			1
E L J van der Merwe	1			1
R J van Rensburg & Seun	1			1
J S Davel	1			1
S P Fourie	1			1
J H Potgieter	1			1
D F du Toit	1			1
Die Rodora Drakensberger Stoet	1			1
J & E Dhooge	1			1
M R Bracher	1			1
Meulstroom	1			1
J M van der Merwe		1		1
Totaal 2012 (%)	**121 (72.9)**	**22 (13.2)**	**23 (13.9)**	**166**
Totaal 2011 (%)	**112 (63.6)**	**18 (10.2)**	**46 (26.2)**	**176**

BESTE PRODUSERENDE KOEIE 2012

Teler	Elite	Superior	Voortreflik	Totaal
L a Neuman	8		2	10
E M Schroeder	6	3	2	11
H A S Schutte	5			5
G W Roux	4	2	2	8
Otjiwa Boerdery	3	2	1	6
Neusberg Drakensbergers	3	1	4	8
J & E Dhooge	3			3
J Fourie	2	4	2	8
Neuman Broers	2	2	5	9
R J van Rensburg & Seun	2		1	3
M C Blom	2			2
J P Botha	2			2
R V Ferguson	2			2
J A Rautenbach	1	2	3	6
L Foster	1	1	1	3
P W B Uys	1	1		2
Van Dyk Broers	1		1	2
S F Coetzee	1		1	2
Black Hills Drakensbergers	1		1	2

Buffalo Valley farms	1			1
J H Potgieter	1			1
J G Ehlers	1			1
S P Fourie	1			1
D F du Toit		2		2
C H Nel		1	2	3
A W Hattingh		1	2	3
Jacobsz Familie Trust		1	1	2
P J Greyling		1		1
Chrisjan Boerdery			4	4
M Bracher			2	2
J S Davel			1	1
H J van Staden			1	1
T J van der Walt			1	1
Totaal 2012 (%)	**54 (46)**	**24 (20)**	**40 (34)**	**118**
Totaal 2011 (%)	**48 (51)**	**19 (20.2)**	**27 (28.8)**	**94**

TOEKENNINGS

1. A S VAN NIEKERK TROFEE VIR KUDDE 35 – 99 KOEIE

   J G Ehlers - 371 dae oor 37 koeie

2. EMBEE TROFEE VIR KUDDES BO 100 KOEIE

   Neuman Broers - 391 dae oor 185 koeie

3. PFIZER WISSEL TROFEE Bul met die beste Voeromset verhouding (VOV)

   Gawie Roux GR10252 VOV 4.3 (127) GDT 2571gr (150)

4. VOERMOL SKILD (vir die meeste punte op skoue)

   ???

5. A.E.C.I. TROFEE Kudde die beste vordering getoon het die afgelope jaar.

   E L J van der Merwe
   Genomineerdes: J G Ehlers, L A Foster en R J van Rensburg & Seun

6. EPPIE NEL TROFEE Persoon wat die meeste vir Ras bevordering gedoen het die afgelope jaar:

Sal tydens Raadsvergadering aangewys word

Genomineerdes: Jean van der Merwe, Black Hills stoet, Die 6+ groep, Hennie Botes

BEDANKINGS

ALLE DANK EN EER AAN GOD, WAT ONS ALMAL DEUR HIERDIE JAAR GELEI EN BESKERM HET.

Dit is n voorreg om saam met Magiel Blom te werk. Sy werksetiek is prysenswaardig, sy toewyding absoluut en lojaliteit onwrikbaar. Dankie ook vir die hulp in die samestelling van hierdie jaarverslag Magiel, dit word opreg deur my waardeer.

Aan al die raadslede wat meer as hulle deel gedoen het, julle opofferinge word raakgesien en waardeer. Sonder die vergaderings en soms driftige gesprekke rondom ‘n sekere onderwerp, sou ons genootskap geen vordering getoon het nie. Die teendeel is egter waar. Johannes Retief, baie dankie vi r jou gewilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar om, in samewerking met Fanie van Dyk, as aktiewe raadslid, die nader persoon te wees om die Karoo te hanteer.

Aan die aktiewe Ere– president, Mnr John Roos, baie dankie vir u toewyding en betrokkenheid. Die fyn kennis van die werkinge van die Genootskap is van onskatbare waarde en vergemaklik die besluitnemingsprosesse.

Die keurders, wat die uiters belangrike taak het om die standaard van voorteflikheid te handhaaf en te verbeter, se rol in die genootskap en sy lede is enorm. Julle verdien groot applous.Piet de Villiers, wat die portefeulje beklee het van Opleiding, het dit met sy mede werkers uitstekend verrig. Baie dankie Piet, welgedaan.

Carel Nel, wat tans nie op die raad dien nie, se verantwoordelikheid om voortgesette opleiding te hanteer van keurders, word waardeer. Hierdie taak neem tyd in beslag, tyd wat altyd kosbaar is. Dankie ook vir jou bereidwilligheid om betrokke te bly in hierdie aspek van beskerming van ras standaarde.

Stienie Steenkamp en Johanna Mhlambo, julle is staatmakers en ons bedank julle.

Aan al die vrouens van Drakensberger betrokkenes, dankie vir die hulp en die ondersteuning. Die regstaan met etes vir keurders, die omsien na die boerdery tydens afwesigheid, noem maar op. Dankie aan Marianne en my kinders Ruan, Armandt en Johann ,en die skaaphond Kiewiet, wat verstaan dat die beeste belangrik is.

Johann Fourie

PRESIDENT DRAKENSBERGERBEESTELERSGENOOTSKAP